# Solidariteit Beweging

| 2019 kongres |

# Jaarverslag 2018

Solidariteit Beweging

SOLIDARITEIT BEWEGING

## Jaarverslagspan 2018:

| | |
|---|---|
| Samestelling en taalversorging: | Salome Coertze<br>Alta van Niekerk<br>Christa Meyer<br>Doreen Swart |
| Uitleg en ontwerp: | Ansie Steyn |
| Fotograaf: | Rozier van Tonder |

# Inhoudsopgawe


| | | |
|---|---|---|
| 1. Flip Buys | *Voorsitter: Solidariteit Beweging* | bl. 1 |
| - Dirk Hermann | *Bestuurshoof: Solidariteit* | bl. 2 |
| ~ Deon Reyneke | *Adjunkhoofsekretaris: Openbare sektor* | bl. 3 |
| ~ Marius Croucamp | *Adjunkhoofsekretaris: Metaal- en ingenieursbedryf* | bl. 4 |
| ~ Johan Botha | *Adjunkhoofsekretaris:Professionele bedryf, Lugvaart en Verdediging* | bl. 5 |
| ~ Paul Mardon | *Adjunkhoofsekretaris: BGV en Volhoubare Ontwikkeling* | bl. 6 |
| ~ Connie Prinsloo | *Adjunkhoofsekretaris: Energie en Chemies* | bl. 8 |
| ~ Engela Dibley | *Adjunkhoofsekretaris: Individuele lede en ledediens* | bl. 9 |
| · Danét Terblanche | *Afdelingshoof: Solidariteit Dienssentrum* | bl. 11 |
| ~ Riaan Visser | *Adjunkhoofsekretaris: Mynbou, Landbou en Sement* | bl. 12 |
| - Gideon du Plessis | *Hoofsekretaris: Solidariteit* | bl. 13 |
| ~ Juran vd Heever | *Uitvoerende Hoof: S-leer* | bl. 14 |
| - Appie Pienaar | *Finansiële Hoof: Finansies en Personeelbestuur en -ontwikkeling* | bl. 16 |
| ~ Anneri de Jager | *Bestuurder: Finansies* | bl. 17 |
| ~ Anneri Leach | *Hoof: Personeelbestuur en -ontwikkeling* | bl. 18 |
| - Werner Human | *Adjunkbestuurshoof: Regsdienste en Solidariteit Navorsingsinstituut* | bl. 19 |
| ~ Anton vd Bijl | *Hoof: Arbeidsregsdienste* | bl. 20 |
| ~ Gerhard Hildebrand | *Korporatiewe regsadviseur: Korporatiewe Regsdienste* | bl. 21 |
| ~ Paul Maritz | *Koördineerder: Solidariteit Jeug* | bl. 22 |
| - Erna Olivier | *Hoof: Kommunikasie, Bemarking & Ontwikkeling* | bl. 23 |
| - Dawid Durie | *Adjunkbestuurshoof: Operasionele Dienste* | bl. 24 |
| ~ Jaco de Lange | *Afdelingshoof: Operasionele Dienste* | bl. 25 |
| 2. Kallie Kriel | *Uitvoerende Hoof: AfriForum* | bl. 26 |
| 3. Hannes Noëth | *Uitvoerende Direkteur: Solidariteit Helpende Hand* | bl. 28 |
| 4. Danie Brink | *Besturende Direkteur: Skoleondersteuningsentrum* | bl. 29 |
| 5. Susan Lombaard | *Uitvoerende Hoof: Maroela Media* | bl. 30 |
| 6. Tjaart vd Westhuizen | *Besturende Direkteur: Solidariteit Beleggingsmaatskappy* | bl. 31 |
| 7. Marthinus Visser | *Besturende Direkteur: Akademia* | bl. 33 |
| 8. Paul van Deventer | *Besturende Direkteur: Sol-Tech* | bl. 34 |
| 9. Alana Bailey | *Uitvoerende Hoof: Kraal Uitgewers (Edms.) Bpk.* | bl. 35 |
| 10. Danie Langner | *Besturende Direkteur: FAK* | bl. 36 |

SOLIDARITEIT BEWEGING



**Flip Buys**
Voorsitter: Solidariteit Beweging

Solidariteit was in 2018 'n lig in die donker tonnel van Suid-Afrika. Die verwoestende omvang van die Zuma-regering se korrupte wanadministrasie en die teleurstellende uitsprake oor grondonteiening van die nuwe president het getoon dat die land nog lank gaan ly. Die Zuma-era het die land sowat R1 500 miljard en 'n miljoen poste gekos. Boonop het dit tot grootskaalse ekonomiese probleme, 'n elektrisiteitkrisis en die inploffing van talle staatsinstellings gelei. Hierdie verval en vernietiging van soveel wat opgebou is, het baie mense aan die toekoms laat twyfel.

Maar alles het nie net afdraande geloop nie. Solidariteit en ons hele Beweging het opgebou waar ander afgebreek het. Ons lede het die krag aangehou en die land se sleutelbedrywe laat werk. Ons het met ons projekte praktiese hoop geskep waar ander moed verloor het. Ons het die reg verdedig waar onreg gepleeg is. Ons het standpunt ingeneem waar die owerhede die pad byster geraak het. Ons het oplossings geskep waar ander probleme veroorsaak het. Ons het altyd 'n helpende hand uitgesteek, nie 'n bedelhand of 'n gebalde vuis nie. Ons het gewaak oor ons lede en hulle gesinne se belange. Ons het gedoen wat ons kan, waar ons is, met wat ons het.

Ons het in 2018 'n goeie fondament gelê waarop ons nou verder kan bou. Ons weet dat die toekoms nie 'n plek is waarheen 'n mens vanself gaan nie; dit is 'n pad wat jy self bou. Daarom sien ons uit om nou verder aan groeiende selfstandigheid die pad vorentoe te bou.



**Dr. Dirk Hermann**
Bestuurshoof: Solidariteit

'n Vry, veilige en voorspoedige toekoms van werk

Die jaar 2018 was weereens 'n groot jaar vir Solidariteit. Ons lede het voor groot uitdagings te staan gekom. Beleggersvertroue in die land is laag, groot infrastruktuurprobleme, soos byvoorbeeld by Eskom, bedreig stabiliteit en die staat se rasse-ideologie van verteenwoordigendheid het 'n nuwe laagtepunt bereik. Ons sien hoe maatskappye al hoe meer die staat se rasse-ideologie ten koste van ons lede omhels. Sasol met sy Khanyisa-aandeleskema wat wit mense op grond van ras uitsluit, is 'n goeie voorbeeld. Dit het tot 'n historiese staking, waar wit werkers teen rasse-uitsluiting gestaak het, gelei. Dit blyk dat rassediskriminasie steeds een van die grootste brandpunte vir ons lede gaan bly. Die staat wat verswak en meer onvriendelik teenoor minderhede raak; die verandering van werkplekke se rasseprofiel; die verandering van die arbeidsmark se struktuur; en die vinnige agteruitgang van onderwysinstellings het alles meegebring dat ons anders begin dink oor die rol van Solidariteit. Solidariteit se taak word groter. Solidariteit moet deesdae baie funksies vervul wat die staat in die verlede hanteer het. Solidariteit moet 'n veilige hawe van geborgenheid vir sy lede wees; moet lede toerus met kennis; en moet antwoorde ontwikkel met die oog op die vierde industriële rewolusie. Solidariteit se kernrol, naamlik om goeie werk vir sy lede te verseker, gaan steeds die kernfunksie wees en dit gaan trouens versterk word. Die manier waarop ons goeie werk gaan verseker, gaan egter wel radikaal moet verander. Die volgende vyf jaar gaan geken word aan nuwe maniere om in nuwe omstandighede seker te maak dat ons lede in die werkplek, vry, veilig en voorspoedig kan wees. Die 2018-jaarverslag moet dus in hierdie konteks gesien word. Dit was 'n vol jaar, vol nuwe aktiwiteite op pad na 'n groter rol vir Solidariteit.

SOLIDARITEIT
SOLIDARITY

Deon Reyneke
Adjunkhoofsekretaris: Energie en Chemies

**Chemies**

Te danke aan verskeie inisiatiewe, soos 'n suksesvolle dryfkragveldtog, het hierdie sektor weer 'n netto groei in ledetal getoon. Die veldtog oor die Sasol-Khanyisa-aandeleskema en die gepaardgaande staking het ook verskeie nie-lede gemobiliseer om by Solidariteit aan te sluit.

Daar was egter ook grootskaalse afleggings in die sektor. Karbochem se Newcastle-aanleg is gesluit en bykans 85% van sy werknemers by die Sasolburg-aanleg is negatief deur herstrukturering geraak. SONAE het ook sy Piet Retief-aanleg gesluit.

Daar is in Januarie 2018 met 'n proses begin wat vir Solidariteit 'n geleentheid bied om die 23%-erkenningsdrempel in Sasol te heronderhandel.
In 2018 is 'n algehele loonverhoging van 7% vir werknemers in hierdie sektor beding.

**Energie**

Solidariteit het onder moeilike omstandighede 'n gunstige driejaarsalarisverhoging vir lede in Eskom onderhandel om arbeidstabiliteit te bewerkstellig. Die 2018-verhoging het 'n salarisverhoging van 7,5% asook 'n inflasiegekoppelde verhoging op die behuisingstoelaag behels.

Solidariteit het teen die einde van 2018 'n totaal van 7 125 lede in Eskom gehad, maar hierdie ledetal is geleidelik besig om te verminder weens regstellende aksie en lede wat aftree. Solidariteit-lede in Eskom se ouderdomsprofiel is soos volg:

- 20 jaar en jonger - 2 lede
- 21 – 30 jaar - 521 lede
- 31 – 40 jaar - 1 663 lede
- 41 – 50 jaar - 1 672 lede
- 51 – 60 jaar - 2 465 lede
- 61 jaar en ouer - 1 061 lede



**Marius Croucamp**
Adjunkhoofsekretaris: Metaal- en ingenieursbedryf

Solidariteit se metaal- en ingenieursbedryfspan het goed gevaar in 2018 ten spyte van talle eksterne uitdagings in die bedryf. Lede se belange het altyd voorrang geniet en ledediens is flink gelewer.

Die bedingingsraad vir die metaal- en ingenieursbedryf (MEIBC) het 'n moeilike jaar beleef en is steeds onder administrasie. Numsa se gewelddadige staking in die plastieksektor het die sektor groot skade berokken. Solidariteit was nie deel van die staking nie.

Te midde van afleggings in die metaal- en ingenieursbedryf was die heropening van die hoogoond by ArcelorMittal in Vereeniging, wat 80 werksgeleenthede geskep het, 'n hoogtepunt.

Deur ons "Steun Ons Staal"-veldtog is Solidariteit se wesenlike belang in die bedryf nou stewig gevestig. Ná twee jaar van skakeltoere is 1 261 lede en werkers tydens 61 besoeke landswyd toegespreek.

Die staal- en aluminiumtariewe wat die VSA ingestel het, het ook Suid-Afrikaanse maatskappye geraak en in reaksie daarop is 'n amptelike petisie onder die vaandel van Steun ons Staal aan die Withuis in Washington gerig. Ons het ook met Amerikaanse diplomate en Suid-Afrikaanse regeringsamptenare geskakel om die besluit te probeer beïnvloed.

Solidariteit het tydens openbare verhore ondersteuning aan die plaaslike metaalskroefvervaardigingsbedryf gegee om grootskaalse invoere uit China te bekamp. 'n Gunstige uitkoms is bewerkstellig deur die instelling van beskermingsmaatreëls deur die regering wat tot indiensneming in die sektor gelei het. Solidariteit het ook pres. Ramaphosa se beleggingskonferensie op uitnodiging bygewoon.

Gunstige loonooreenkomste is by ArcelorMittal, DMS Powders, Rand Carbide Silicon Smelters, MMC en Columbus Stainless bereik. Solidariteit het 'n deurbraak in die motorbedryf gemaak deur erkenning te kry by Fiat/Chrysler Suid-Afrika. Goeie strategiese skakeling het ook met Naacam en SATMC in die motorkomponentbedryf plaasgevind. Solidariteit vervul 'n strategiese rol in die nuwebandebedingingsraad (NTBC) en dien in die dagbestuur van die raad.

Organiseerders van die metaal- en ingenieursbedryf het ook die belange van lede beskerm en bevorder deur deelname aan MIBFA-strukture, asook betrokkenheid by MerSETA.

**Johan Botha**
Adjunkhoofsekretaris: Professionele bedryf, Lugvaart en Verdediging

## Verdediging – Denel

Solidariteit-lede het in 2018 'n baie stormagtige jaar by Denel beleef. Met die kontantvloeiprobleem wou Denel werknemers se salarisse met tot 20% sny. Solidariteit het egter 'n aanlyn veldtog met 'n petisie geloods om bewusmaking te skep en dit teen te staan. Die volgehoue druk het tot die implementering van 'n omkeerstrategie en die aanstelling van 'n permanente hoof- uitvoerende beampte gelei.

Laasgenoemde het meer stabiliteit meegebring en Solidariteit is versigtig optimisties dat die vooruitsigte vir ons lede by Denel beter lyk as sowat 'n jaar gelede.

## BCX

Solidariteit se lede is in 2018 gekonfronteer met 'n afleggingsproses waarin 790 werknemers geraak is. Met die nodige kennis en strategiese vernuf kon Solidariteit die proses afbestuur tot op 'n vlak waar slegs 80 werknemers uiteindelik werklik afgelê is.



## Onderwys

Solidariteit bied 'n unieke diens aan onderwysers wat wissel tussen individuele diens, arbeidsreg, opleiding deur die SOS se vakverenigings en Bewegingsvoordele.
In samewerking met die Skoleondersteuningsentrum is daar vir die eerste keer kontak gemaak met skoolhoofde, onderwysers en beheerliggaamvoorsitters. Solidariteit se plan is om onderwysers en die belangrike werk wat hulle doen, op 'n unieke manier van diens te wees en om hulle by te staan in die uitdagende situasies wat skole soms ervaar. Die opkoms en terugvoer vanaf onderwysers was baie goed en ons sien uit na nuwe hoogtes in 2019.

**Paul Mardon**
Adjunkhoofsekretaris: BGV en Volhoubare Ontwikkeling

Die BGV-afdeling, onder beheer van adv. Hanlie Jansen van Vuuren, hoof: Beroepsgesondheid en -veiligheid, bestaan uit 12 personeellede en is verantwoordelik vir algemene operasionele bestuur, die bereiking van strategiese doelwitte, die verlening van regsadvies, regsadministrasie en prosessering op die terrein van BGV.


**2018-statistieke:**


**BAD- / BGV-lêers**

| | |
|---|---|
| Op 01/01/2018: | 1 005 |
| Op 31/12/2018: | 1 074 *(153 lêers per eisebeampte)* |
| Lêers gesluit 2018: | 132 |
| Nuwe lêers: | 228 |
| Netto groei: | 69 |

**Operasionele aktiwiteite**

| | |
|---|---|
| Konsultasies: | 1 947 |
| Vergaderings: | 940 |
| BAD-besoeke (Vergoedingskommissaris): | 164 |
| Korrespondensie (In): | 72 916 |
| Korrespondensie (Uit): | 28 670 |
| Telefoonoproepe (In): | 8 023 |
| Telefoonoproepe (Uit): | 6 731 |
| BGV-litigasie (ure): | 1 565 *(Geldwaarde: **R4 695 000**)* |
| BAD- / BGV-menings (informeel): | 3 572 |
| BAD- / BGV-menings (formeel): | 828 |
| Hulp aan bedrywe / Solidariteit Beweging: | 1 938 |
| Seminare en kongresse: | 153 |
| Mediaskakeling: | 42 |
| Ander: | 1 549 |
| BGV-opleiding (Ure): | 37 |




**Drie belangrikste mylpale behaal gedurende 2018:**

- Die positiewe reaksie van en samewerking met die Vergoedingsfonds en die toename in BAD-toekennings ontvang deur ons lede, vanaf R14 474 471 gedurende 2017 tot R106 924 417 gedurende 2018. BAD-toekennings 2008 tot 2018 beloop **R869 928 249,00**!
- BGV-litigasie voeg waarde by aan lede met 'n bedrag van R4 695 000.
- Deelname aan die DMR-prosesse vir die hersiening van die Mynbouhandves en 'n analise en opstel van 'n sosiale ooreenkoms ter bevordering van die groei en 'n volhoubare toekoms van die mynbedryf binne die Suid-Afrikaanse ekonomie.

**Connie Prinsloo**
Adjunkhoofsekretaris: Openbare sektor

Die volgende drie sake wat vir die openbare sektor in 2018 van belang was, kan uitgelig word:

## 1. NSM-projek

Solidariteit het daarin geslaag om deur middel van litigasie die SAPD te dwing om inligting te openbaar en beskikbaar te stel oor sy hoogs geheime niestatutêremagte-projek ("non-statutory forces"), oftewel die sogenaamde oud-vryheidsvegters. Daarna was Solidariteit suksesvol met litigasie om 'n tydelike interdik te bekom waarin die SAPD verbied word om hierdie onregmatige bevorderings van NSM-lede in werking te stel hangende die afhandeling van die hoofaansoek.

## 2. Oudtshoorn: Rassisme-insident

'n Ernstige geval van naakte rassisme teen wit mense (minderheidsgroep) in die SAPD is deur Solidariteit aan die kaak gestel en vanweë die druk en litigasie deur Solidariteit is generaal-majoor Malebe-Thema na 'n lang en intense stryd deur die SAPD ontslaan. Solidariteit kon daarin slaag om die SAPD te dwing om daadwerklik teen rassisme op te tree wat deur een van sy senior offisiere gepleeg is. Die toepassing van artikel 60 van die Wet op Billike Indiensneming het voldoende druk op die SAPD geplaas om, alhoewel onwillig, wel hierdie senior offisier dissiplinêr aan te kla en te ontslaan. Daar is vyf ander artikel 60-sake oor rassisme hangend waar die SAPD eenvoudig nalaat om die skuldiges aan te kla.

## 3. Groei en personeel

Werwing, onder veral die SAPD-lede, het aansienlik toegeneem en kan met reg as 'n hoogtepunt van die jaar beskou word. Al hoe meer lede word gewen deur die suksesse wat bereik word, hetsy deur litigasie of druk wat toegepas word, en publisiteit deur middel van die media en veral sosiale netwerke in die openbare sektor. Ons vind dat ander vakbonde se lede by Solidariteit begin aansluit as gevolg daarvan, en dat hulle teleurstelling uitspreek met hulle tradisionele vakbond se nalatigheid en opsetlike gebrekkige beskerming van sy lede. 'n Daadwerklike verskil ten opsigte van die effektiewe operasionele werksaamhede en strategiese posisionering is gemaak met die aanstelling van Ronel Stander as organiseerder op 16 Januarie 2018 te Bellville en Fanus Maritz as bedryfspesialis in Centurion aan die einde van 2018. Verskeie groot sake sal in 2019 aangehoor en tot afhandeling gevoer word wat veral in die SAPD tot verwagte eksponensiële groei vir die vakbond sal lei.

SOLIDARITEIT
SOLIDARITY

**Engela Dibley**
Adjunkhoofsekretaris: Individuele lede en ledediens

## Diensbaarheid

### A. Individuele lede

Solidariteit bied steeds 'n unieke diens aan individuele lede. Solidariteit se unieke diensmodel maak dit ook moontlik om diens in die openbare sektor te lewer. 'n Nuwe opwindende fase is dat lede ook volgens beroepe georganiseer en gediens gaan word.

### B. Ledediens

As ledediens gemeet word, is daar twee vrae wat gevra word:


a. Het ons aan jou verwagtinge voldoen?
b. Sal jy ons diens vir ander persone aanbeveel?

In 2018 het die Ledediensafdeling in samewerking met die Solidariteit Navorsingsinstituut (SNI) 'n lediensoudit gedoen. Met hierdie navorsing word terugvoer gekry vanaf lede wat direkte diens van Solidariteit-personeel ontvang het. Met dié opname is daar weereens besef dat lede se verwagtinge elke jaar hoër word, deels as gevolg van Solidariteit se suksesse wat in die media gekommunikeer word en ook omdat Solidariteit hoop skep. Daarmee saam kom die verwagting dat daar sukses met elke saak bereik moet word.

Goodhart se Lawet sê: "*When measure becomes a target; it ceases to be a good measure.*"

Daarom is dit belangrik dat alle metings gesien word in konteks van die tyd, omgewing en verandering van die klimaat in arbeidsverhoudinge waarin die opname gedoen is.

Dit is 'n pluimpie in die hoed van alle personeel dat Solidariteit se diens aan ons lede met 'n gemiddeld van **80%** gemeet word.




*Beroepsgesondheid en -veiligheid en Besering aan Diens

Die persentasies wat bereik is, is ten spyte van uitdagings soos onder andere die wanbestuur van die Vergoedingskommissaris se kantoor, groot druk vanaf ander vakbonde en eksterne faktore soos die koste van elektrisiteit. Dit dien weereens as bewys dat die Solidariteit-personeel gerat is om die beste diens aan ons lede te lewer.

Elke jaar word daar harder gewerk om diens te verbeter en in 2019 is uitnemende ledediens ons hoofstrategie vir ledebehoud.




SOLIDARITEIT
SOLIDARITY

**Danét Terblanche**
Afdelingshoof: Solidariteit Dienssentrum

Die Dienssentrum bly steeds die voorkeurwyse waarop lede met Solidariteit kontak maak. Hulle maak gebruik van telefoon, e-pos, "webchat", SMS, en sosialemediadienste. Ons agente is opgelei om selfs die moeilikste probleme te hanteer. Hulle help om navrae op ŉ vriendelike, tydige en professionele manier op te los. Ons werk baie hard daaraan om te verseker dat ons lede altyd tevrede is. As dit kom by die beste ledediensservaring – **is die Dienssentrum nommer 1!**

**357 103**
Interaksies met lede

*Dit is ŉ gemiddeld van*
*29 759 interaksies per maand*





Gemiddelde duur van oproepe
**2,23 minute**

Oktober was die besigste maand met **38 483** interaksies

Die oudste lid met wie ons gepraat het, is **89 jaar oud** en woon in Pretoria.

## Hoeveel navrae word van vroue ontvang en hoeveel van mans?

**72%** **28%**



**Riaan Visser**
Adjunkhoofsekretaris: Mynbou, Landbou en Sement



Die Mynbou-, Landbou- en Sementbedryf (MLS) het in 2018 in baie moeilike omstandighede uiters goed namens die lede van Solidariteit presteer, ten spyte daarvan dat organiseerders daagliks met 'n aantal herstruktureringsprosesse en grootskaalse afleggings, die toepassing van die nuwe Mynbouhandves en onrealistiese beleide in veral die mynbousektor gekonfronteer is.

Die MLS-bedryf kon egter daarin slaag om die volgende mylpale en suksesse in 2018 te bewerkstelling:

- Die organiseerders van die MLS-bedryf was suksesvol met talle herindiensnemings en het by die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA) geslaag met skikkings en toekennings ten bedrae van R16 159 982,40.
- MLS het sy kollektiewe lidmaatskap vergroot deur in 2018 nege erkenningsooreenkomste by verskeie maatskappye te beding/herbeding.
- MLS was effektief in grootskaalse afleggings (waar meer as 30 000 werknemers in verskeie prosesse geaffekteer was) en het daarin geslaag om gedwonge afleggings vir lede van Solidariteit te beperk of selfs te verhoed.
- Die MLS-bedryf het in 2018 daarin geslaag om gunstige en bogemiddelde loonooreenkomste met maatskappye te beding, wat 'n gemiddelde loonverhoging van 6,5% tot gevolg gehad het.



**Gideon du Plessis**
Hoofsekretaris: Solidariteit

Die opstel van die derde mynbouhandves, die goudsektor-onderhandelinge en die eerste uitbetaling aan Aurora-werknemers, was drie kerngebeure in 2018 waarby Solidariteit ten nouste betrokke was.

Die mynbouhandves-onderhandelinge, wat in Maart 2018 onder leiding van die nuwe minister van mynbou, Gwede Mantashe, plaasgevind het, het 'n ideale geleentheid gebied waar Solidariteit sy bydrae kon weeg en meet. Die uiteinde van die onderhandelinge was dat Solidariteit daarin kon slaag om wit vroue weer deel van die definisie van voorheen benadeelde Suid-Afrikaners te maak; werknemers van alle rassegroepe kan deel in werknemeraandeelhoudingskemas; teikens vir regstellende aksie verlaag kon word; en die tydperk vir die behaling van die vasgestelde teikens van twaalf maande na vyf jaar verleng kon word.

Solidariteit kon hom gedurende die goudsektor-onderhandelinge só posisioneer om ten nouste met die National Union of Mineworkers (NUM) en die vakbond Uasa saam te werk om so loonskikkings te kon bereik wat alle mynwerkers kon bevoordeel. Die uiteinde van die samewerking is dat dit die basis geskep het vir ons drie vakbonde om samewerkingsooreenkomste by werkplekke te begin sluit waar een, of al drie vakbonde se erkenning onder druk verkeer.

Laastens kon voormalige werknemers van die gelikwideerde Aurora Empowerment Systems ná agt jaar van litigasie vir die eerste keer 'n gedeeltelike terugbetaling van hul uitstaande salarisse ontvang. So het geregtigheid begin geskied en het die proses om die werknemers se menswaardigheid te herstel, begin. Solidariteit kon ook in samewerking met die likwidateurs daarin slaag om al die Aurora-likwidateurs te laat sekwestreer.



**Dr. Juran van den Heever**
Uitvoerende Hoof: S-leer

## S-leer: Leer jou toekoms oop

S-leer het in 2018 deeglik bewus geraak van die ontwrigting wat voorlê met die Vierde Industriële Rewolusie. Hierdie ontwrigting gaan 'n groot impak hê op die wêreld van werk soos ons dit tans ken.

S-leer het daarom op drie basiese fokusareas gekonsentreer om as eerste én voorste voortgesette opleidingsentrum in Afrikaans te kan voortbestaan:

### 1. Behoeftebepaling

S-leer het in 2018 met die hulp van die innovasiespan navorsing onder die bestaande beroepsgildes gedoen om te bepaal watter uitdagings, wat opleiding betref, hulle in die gesig staar. Die gildes is Solidariteit se nuwe strategiese stap vorentoe in die Vierde Industriële Rewolusie en daarom moet hulle ook mense, deur middel van leer, bemagtig in hulle beroepe. Die kursusse wat ontwikkel is, vervul regstreeks die behoeftes van hierdie gildes.


### 2. Leerderbestuurstelsel (*"Learner management system"*)

S-leer het met die hulp van die elektroniese en ontwikkelingspan 'n webblad met 'n volledige leerderbestuurstelsel ontwikkel. Dié stelsel maak dit moontlik vir enige potensiële "student" om 'n profiel te skep, en dan te kies en te keur tussen die kursusse wat beskikbaar is. Dit is maklik, modern en gepas vir die nuwe era waarin ons beweeg. Dié stelsel maak ook voorsiening vir verskeie leermetodes, wat e-leer en webinare insluit.

### 3. Vennootskappe

S-leer het vennootskapooreenkomste met van die bestes in die Suid-Afrikaanse opleidingsomgewing gesluit. Daar is 'n behoefte om in Afrikaans op te lei, maar nóg groter, om aan die groter gemeenskap en netwerk van werk te behoort. Die kennis wat in die programme ingestoot word, is van hoogstaande gehalte.

S-leer se droom is dus om Solidariteit se Gilde-lede deur middel van die nuutste leermetodes met vaardighede toe te rus. Sodoende kan hulle op die voorpunt van hulle beroepe bly en verseker dat hulle 'n goeie werk kry, maar nog belangriker, dat hulle die goeie werk kan behou.





**Appie Pienaar**
Finansiële Hoof:
Finansies en Personeelbestuur en -ontwikkeling

Aan die einde van nog 'n finansiële jaar kyk mens met groot dankbaarheid terug na 'n jaar wat ten spyte van uitdagings, in geheel baie voorspoedig vir beide die afdeling Finansies en Personeelbestuur en -ontwikkeling afgeloop het.

Die jaar het verskeie hoogtepunte opgelewer waaronder die volgende:

- Solidariteit het daarin geslaag om in 2018 die begrote oorskot te behaal. Terwyl mens aan die een kant sensitief is om ledegelde bekostigbaar te hou, kan mens andersyds ook nie behoorlik diens lewer aan jou lede as jy gedurig spartel om kop bo water te hou nie. 'n Bedryfsurplus van 5% laat genoeg ruimte om onverwagse finansiële uitdagings die hoof te bied, terwyl die styging in ledegelde in lyn met inflasie gehou kan word.
- Die Boufonds se ondersteuningsbasis het aansienlik uitgebrei en meer as 50% van die totale Boufonds-begroting word nou deur nie-lede van die vakbond gedra. Die grootste projekte is steeds finansiële ondersteuning aan ons opleidingsinstellings, Sol-Tech en Akademia.
- Die afdeling: Personeelbestuur en -ontwikkeling het op uitmuntende wyse daarin geslaag om aan die groot uitdaging van personeelvoorsiening binne 'n diverse omgewing te voldoen. Die ontwikkeling van ons personeel is ook nie agterweë gelaat nie. Gereelde opleidingsgeleenthede, berading waar nodig, en 'n baie geslaagde Welstandsdag, waar die personeel van die verskillende instellings geleentheid kry om saam te kuier en mekaar beter te leer ken, is maar net enkele voorbeelde.

SOLIDARITEIT
SOLIDARITY

**Anneri de Jager**
Bestuurder: Finansies

2018 het soos enige ander jaar sy uitdagings en hoogtepunte gehad en ons as Solidariteit voel steeds positief dat ons alles in ons vermoë gedoen het om ons 179 000 lede die geleentheid te bied om vry, veilig en voorspoedig in Suid Afrika te werk. 'n Ongekwalifiseerde ouditverslag vir die 2018-boekjaar bevestig die goeie finansiële dissipline van personeel en deursigtige kontroles en prosedures. Kwartaallikse besprekings met begrotingshoofde hou die Finansies-afdeling op hoogte van veranderinge en uitdagings en is van belang by die opstel van 'n jaarprojeksie sodat probleme betyds geïdentifiseer kan word.

Elkeen in Solidariteit het 'n besonderse bydrae gelewer om die bedryfsurplusteiken te haal deur middel van besparing, ledewerwing en lediediens. In 2019 sal verskerpte fokus geplaas word op die drie bene van Solidariteit se kernbesigheid.

'n Groot hoogtepunt van 2018 was die Sasol-staking wat almal daarvan bewus gemaak het dat Solidariteit-lede nie terugstaan vir onregverdigheid nie. Daarby het die Regsfonds R4,7 miljoen spandeer aan sake in openbare belang, terwyl die Boufonds R5 miljoen in Akademia belê het, R3 miljoen in Sol-Tech, en R5,5 miljoen tot die Solidariteit Studiefonds bygedra het.

Die Jeug-produk is ook gedurende 2018 bekendgestel en die belangstelling was oorweldigend. Die Solidariteit Sentrum vir Voortgesette Leer het in die vierde kwartaal van 2018 weer nuwe momentum gekry en daar word met opwinding uitgesien na alles wat in 2019 vermag gaan word.

Vir die aandelebeurs was 2018 'n minder goeie jaar en daar word geglo dat dit na die verkiesing in 2019 sal stabiliseer.

Ons kyk met dankbaarheid terug na 'n jaar vol seëninge.



Anneri Leach
Hoof: Personeelbestuur en -ontwikkeling

**Opleiding en ontwikkeling**

Gedurende 2018 is daar op die personeel se emosionele welstand gefokus, asook op investering in die verbetering van spankohesie en samewerking binne afdelings. Verder is daar aandag geskenk aan verpligte statutêre opleidingsgeleenthede en opleiding wat belangrik is vir die opdatering van kennis wat kritiek is vir die kernbesigheid van die vakbond.

Daar is ook geleenthede vir ontlonting geskep deur programme soos, onder andere, iResilience wat Solidariteit toelaat om die personeel proaktief by te staan en die veerkragtigheid van personeel te versterk.

73 personeellede het aan seminare, werkswinkels en kortkursusse deelgeneem. Solidariteit kon 28 nuwe personeellede bystaan met befondsing vir tersiêre studie en 12 is bygestaan met voortgesette studie. Die kwalifikasies sluit in agt voorgraadse kwalifikasies, drie honneursgrade, agt meestersgrade, twee PhD's en een MBA in.

**Personeelbeplanning**

Die PBO-afdeling, in samewerking met topbestuur, het 'n oudit in afdelings gefasiliteer ten einde kapasiteit te bepaal en vandaar is die nodige struktuurveranderinge geïmplementeer om bestaande poste en personeel optimaal aan te wend.

In 2018 is langdienstekennings gemaak aan 15 personeellede vir vyf jaar, 13 personeellede vir 10 jaar, vyf personeellede vir 15 jaar, een personeellid vir 20 jaar, en een personeellid vir 25 jaar.

**Welstand, stelsels en kommunikasie**

Ons welstandprogram is volstoom aan die gang en die Solidariteit Beweging het in 2018 die mandjie van mediese fondse hersien. Bestmed het Discovery Health as groepfonds vervang. Die Beweging het verder Solidariteit Finansiële Dienste as makelaar aangestel wat personeel intern met aftreebeplanning bystaan.

Solidariteit het 'n nuwe MHB- en salarisrolstelsel aangekoop wat bestuursinligting en interne kommunikasie na 'n volgende vlak neem en wat vir die personeel baie makliker toegang tot hulle verlof- en persoonlike inligting, en dokumentasie bied.

SOLIDARITEIT
SOLIDARITY



**Werner Human**
Adjunkbestuurshoof: Regsdienste en Solidariteit Navorsingsinstituut (SNI)

**Die beskerming van jou regte vandag en die bou van 'n toekoms vir môre**

Daar bestaan twee voortdurende vrae wat enige toekomsgerigte instelling moet antwoord: Hoe pak ons die uitdagings van die dag aan, en hoe bou ons 'n volhoubare toekoms vir ons lede en hul families?

By Regsdienste beywer ons ons vir die beskerming van die regte van ons lede op verskeie fronte. Individuele ledebystand en lediens is van kardinale belang, en Regsdienste het 610 konsultasies gehad, 246 regsvrae hanteer en R13 324 183 in toekennings gewen.

Buiten die aanveg van individuele sake is daar ook sake wat oor 'n wye spektrum hoop skep. Hierdie sake het 'n sterk boodskap vir owerhede wat as boelies optree en ons hoop dat mense as gevolg van hierdie sake die nodige moed sal hê om vir geregtigheid te bly veg.

'n Ander hoogtepunt is die toegewyde navorsing van die Solidariteit Navorsingsinstituut vir 'n omvattende verslag oor 'n demografiese konsentrasiestrategie waarvan die resultate vroeg in 2019 bekendgemaak sal word. Hierdie navorsing is gedoen om voorstelle vir 'n vry, veilige en voorspoedige toekoms vir die Afrikaner-gemeenskap op die tafel te plaas, wat die daarstel van volhoubare en omvattende dienste aan ons lede 'n werkbare moontlikheid sal maak.

**Anton van der Bijl**
Hoof: Arbeidsregsdienste

Solidariteit Regsdienste, met Anton van der Bijl as hoof van Arbeidsregsdienste, bestaan uit twee afdelings, nl. Algemene Litigasie o.l.v. Gerrit Visser, en die Arbeidshof-afdeling o.l.v. Hendrik van der Hoven. Solidariteit Regsdienste, die grootste regsdepartement in alle Suid-Afrikaanse vakbonde, het in 2018 daarop voortgebou om ook onder van die grootste arbeidsregpraktyke in Suid-Afrika te tel.

Een van ons groot oorwinnings in 2018 was die saak van mnr. Hannes Korff, 'n voormalige plaasbestuurder vir 13 jaar, wat onregmatig afgedank is weens 'n grondhervormingsprojek. Regsdienste kon die lid suksesvol by die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA) verteenwoordig, en die plaas moes uiteindelik opgeveil word om sy kompensasie te betaal.

Die afdeling Algemene Litigasie het mnr. Yousuf Denath in 2018 bygestaan in sy saak teen SARS. Ons lid is onbillik dissiplinêr aangekla, maar na 'n lang en uitgerekte dissiplinêre verhoor is mnr. Denath onskuldig bevind op alle aanklagte en SARS is boonop oor die vervolging gekasty.

Een van die grootste suksesse van die Arbeidshof-afdeling was die SAPD se NSF-projek, waar ongeveer 630 lede van die nie-statutêre magte ("Non Statutory Forces") binne die polisie bevorder sou word, slegs omrede hulle deel van 'n bepaalde groep is. Na twee hofbevele en 'n lang hofproses is besluit om die hooggeregshof te nader vir 'n dringende interdik om die NSF-projek te stop totdat Solidariteit se hersieningsaansoek oor die aangeleentheid afgehandel is. Die interdik is toegestaan en steeds van krag, wat beteken 630 onbillike bevorderings wat moontlike bevorderingsgeleenthede vir Solidariteit-lede sou verhoed, is in dié stadium gestop.

Verder is Hlaudi Motsoeneng se appèlaansoek deur die appèlhof van die hand gewys, en in November het 10 regters van die Konstitusionele Hof beslis dat Motsoeneng Solidariteit en Bemawu se regskoste moet betaal.

**Statistiek**

| Aksies | 2018 |
|---|---|
| Bedrag vir lede ingewin | R36 880 715,98 |
| Totale hofverskynings | 716 |
| Totale konsultasies en vergaderings | 1 014 |

## Gerhard Hildebrand
Korporatiewe regsadviseur: Korporatiewe Regsdienste

Hierdie afdeling is betrokke by regsopinies, kontrakbestuur, opstel en hersiening van beleidsdokumente, en nakomingsbestuur met die doel om Solidariteit se aanspreeklikheid en risiko's effektief te bestuur. Die afdeling bied 'n ondersteuningsrol aan die instellings binne die Solidariteit Beweging.

In 2018 is daar begin om die Solidariteit-grondwet te hersien en voorgestelde wysigings is opgestel. Die oogmerk van die wysigings is om voorsiening te maak dat strukture versterk en uitgebrei kan word, om diskresionêre magte uit te brei, en om langtermynrelevansie aan die grondwet en Solidariteit te verseker.

Die afdeling het 13 beleidsdokumente en 11 ooreenkomste opgestel en/of hersien. Daar is voldoen aan artikel 100 van die Wet op Arbeidsverhoudinge deur voorgeskrewe inligting aan die Departement van Arbeid te verskaf.

Die Skoleondersteuningsentrum se Akte van Oprigting is opgestel en deur Logista en by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom geregistreer.

Die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting gaan waarskynlik in 2019 ten volle in werking tree en daar is begin met 'n proses om aan die vereistes van die wet te voldoen waartydens opleiding aan afdelingshoofde verskaf gaan word en alle beleide en prosesse hersien gaan word.

Versekering vir Direkteursaanspreeklikheid, Byeenkomste en Nalatigheid is in same-werking van die makelaar van Accu-Prof hersien en vir 2019 hernu.



**Paul Maritz**
Koördineerder: Solidariteit Jeug

In 2018 is Solidariteit Jeug as't ware van die grond af opgebou. Hierdie nuwe inisiatief, 'n jeugvleuel wat jongmense help om vir hul loopbane voor te berei, en wat hulle bystaan om 'n goeie werk te bekom, het onder andere die volgende hoogtepunte in 2018 bereik:

**Lansering**

Op 1 Februarie 2018 is Solidariteit Jeug se webblad amptelik aanlyn geopen vir jongmense om toepaslike artikels te lees, leiding te kry, en meer te leer oor wat Solidariteit en Solidariteit Jeug alles doen, en vir hulle kan doen. In 2018 is daar meer as 4 800 jongmense wat by Solidariteit Jeug aangesluit het.

**Bekendstelling**

Op 16 Mei 2018 is Solidariteit Jeug amptelik aan die wêreld bekendgestel tydens die nasionale kongres met Jeug as hooftema. Solidariteit Jeug se doel en funksies is deur middel van 'n verhoogopvoering en 'n laservertoning uitgebeeld en meer as 500 mense het die vertoning bygewoon.

**Internskappe**

In 2018 het Solidariteit Jeug twee Internskapprogramme aangebied (een in Julie, en een in November) wat elke keer aan 'n uitgesoekte groep jongmense die kans gegee het om vir 'n week of twee die wyse waarop Solidariteit veldtogte, litigasie, mediaskakeling, ens. aanpak, hanteer en bestuur, dop te hou en te beleef. Dié internskapprogramme poog om jongmense aan die werkplek bloot te stel en aan hulle die geleentheid te bied om op 'n praktiese wyse hulle vaardighede te ontwikkel.





**Erna Olivier**
Hoof: Kommunikasie, Bemarking & Ontwikkeling

**'n Jaar vol opwinding vir die Kommunikasie- en bemarkingspan**

Tydens ons Nasionale Kongres in Mei is die splinternuwe Jeugproduk aan 800 uitgesoekte gaste bekendgestel. Solidariteit Jeug is hoofsaaklik 'n aanlyn produk wat die behoeftes van jongmense op pad na die werkplek aanspreek. Dié produk groei vinnig in populariteit, en die jaar het afgesluit met meer as 5 000 intekenaars op die Jeugblad, en 6 500 volgers op Facebook.

Ons het deurlopend bewusmakingsveldtogte, maar in Augustus het Solidariteit 'n mandaat van sy lede gekry om vir die eerste keer in die vakbond se geskiedenis oor rasse-uitsluiting te staak. Wit personeel word op grond van ras uit Sasol se nuwe aandele-skema gesluit en Solidariteit se lede besluit eenparig: Genoeg is genoeg!

Die bemarkingspan het Secunda oranje geverf vir die Sasol-staking. Advertensieborde en baniere is opgerig, koerante het D-dag aangekondig, pamflette is die hele dorp deur versprei, en op 6 September het duisende mense opgedaag om deur hulle voete hul stem te laat hoor. 'n Oranje massa-mense het 'n dorp tot stilstand gedwing en bankvas agter Solidariteit se bestuurshoof gestaan toe hy 'n memorandum aan Sasol se hoofbestuur oorhandig het.

In Okober het Solidariteit sy eerste agt beroepsgildes geloods. Elke gilde skep 'n unieke beroepsgemeenskap wat wag hou oor die betrokke beroep, opleiding- en netwerkgeleenthede skep, asook mentorskappe en internskappe aanmoedig. Die Solidariteit Beroepsgildes streef daarna om Solidariteit-lede in hul verskeie beroepe te help ontwikkel tot meesterskap.

Ek is dankbaar om terug te kyk op 'n suksesvolle jaar en te weet ek is deel van 'n uitnemende span waarvoor geen uitdaging té groot is nie.



**Dawid Durie**
Adjunkbestuurshoof: Operasionele Dienste

Operasionele Dienste lewer 'n diens aan nagenoeg **224** Solidariteit-personeellede by 17 dienskantore nasionaal, sowel as by hoofkantoor. Hierdie dienste sluit in Ledeadministrasie, Inligtingtegnologie en Fasiliteite.

Ledeadministrasie het 'n uitstekende jaar gehad met die laai van **39 010** vakbondaansoeke, en die uitstuur van **721 077** SMS'e aan ons lede met betrekking tot onderhandelinge, vergaderings en terugvoer.

Verder is daar voordeeleise ter waarde van **R9 180 123,51** aan lede uitbetaal, waarvan **R8 793 883,08** ten opsigte van die sterftevoordeel was, **R338 333,43** tot die bevallingsvoordeel was, en **R47 907,00** vir die permanente mediese ongeskiktheidseise betaal is.

Maatskappy-administrasie spog weereens met 'n sukses op invorderings van 100% vir 2018 op maatskappye sowel as op lede.

Fasiliteite is ook opgegradeer by Witbank en Port Elizabeth se kantore, en Bellville-kantoor het geskuif na 'n ander perseel.

Verder het die IT-afdeling nagenoeg **3 000** navrae hanteer in 2018.

Bogenoemde dienste en administrasie speel 'n groot rol in die 10%-groei van die vakbond se ledetal vir 2018.

Jaco de Lange
Afdelingshoof: Operasionele Dienste

## Ledeadministrasie


Ledeadministrasie het 'n uitstekende jaar gehad wat bygedra het tot ledediens, ledegroei en ledebehoud. Gesprekke duur voort ten opsigte van nuwe stelselontwikkelings en daarom gaan 2019 'n toonaangewende jaar wees ten opsigte van nuwe stelsels en dienste wat gelewer kan word. Gedurende 2018 is daar altesaam **39 010** aansoeke gelaai.

'n Totaal van **721 077** SMS'e is uitgestuur aan lede wat belangrike inligting ten opsigte van werksaangeleenthede bevat het. Voordeel-eise ter waarde van **R 9 180 123,51** is aan lede uitbetaal. Dié bedrag word verdeel as, **R8 793 883,08** vir die sterftevoordele, **R338 333,43** met betrekking tot bevallingseise en **R47 907,00** aan permanent mediese ongeskiktheidseise. Ledeadministrasie het gedurende 2018, **836** eise vir sterftevoordele hanteer, **223** bevallingseise en **27** permanente mediese ongeskiktheidseise.

Maatskappy-administrasie spog weereens met 100%-sukses op die invordering van ledegeld en maatskappye se oorbetalings. Hierdie sukses duur nou reeds voort vir omtrent 48 maande en dit is 'n prestasie waarop ons as vakbond uitsonderlik trots is. Sover ons kennis strek is daar geen ander vakbond wat hierdie selfde suksesse kan toon nie.

Bellville se dienskantoor het van perseel verskuif, en Witbank en Port Elizabeth se kantore is volgens Korporatiewe Identiteit oorgedoen, wat 'n baie meer professionele kantooromgewing vir ons lede sowel as ons personeel skep. Die terugvoer wat reeds vanaf lede ontvang is, is baie positief en daaruit weet ons dat ons kantore van hoë gehalte daar buite skep, waarin ons lede welkom voel en ons personeel dienste van hoë gehalte kan lewer.

Voordeel-eise uitbetaal aan lede vir 2018
R9 180 123,51





**Kallie Kriel**
Uitvoerende Hoof: AfriForum


## AfriForum behaal sukses; word groter en sterker in 2018

Terugskouend was 2018 'n jaar waarin AfriForum groot suksesse op plaaslike, nasionale en internasionale vlak behaal het. Met genade van Bo en harde werk het AfriForum die afgelope jaar nie net groter nie, maar ook sterker geword.

Op internasionale vlak het AfriForum se volgehoue pogings om internasionale bewustheid te skep oor plaasmoorde en onteiening sonder vergoeding, begin vrugte afwerp deur onder meer die kommer wat die VSA-president, Donald Trump, in die openbare domein oor dié sake uitgespreek het. Die aantal Suid-Afrikaners in die buiteland met wie AfriForum deurlopend kontak het, het ook die 8 000-kerf verbygesteek. Op nasionale vlak het AfriForum se stryd vir geregtigheid direk daartoe gelei dat Duduzane Zuma tans vervolg word en 'n lasbrief vir Grace Mugabe se inhegtenisneming uitgereik is. Verskeie onderwys-, taal- en kultuurprojekte is ook landswyd met sukses uitgevoer. Op plaaslike vlak is gemeenskapselfstandigheid in meer as 100 dorpe bevorder deur selfdoenaksies soos gemeenskaps-veiligheidsinisiatiewe, die herstel van slaggate, watertoetse, vullisterreinoudits, opruimingsaksies en vele meer.

AfriForum se groei in ledetal het in 2018 voortgeduur en die organisasie het aan die einde van dié jaar net meer as 216 000 lede en 173 personeellede gehad. Aangesien AfriForum nie net groot nie, maar ook sterk wil wees, is daar gefokus om AfriForum se grondvlakstrukture verder uit te brei. Aan die einde van 2018 het AfriForum 130 takke met gesamentlik sowat 700 takbestuurlede gehad en 132 buurtwagte met gesamentlik meer as 8 000 vrywillige patrolleerders. AfriForum911 het in 2018 sowat 1 200 misdaadgevalle hanteer.

AfriForum


Ledetal - AfriForum
250k
200k
150k
100k
50k
0k
-50k
2006
2007
2008
2009
2010
2011
2012
2013
2014
2015
2016
2017
2018
Ledetal




STOP
STOP



**Hannes Noëth**
Uitvoerende Direkteur: Solidariteit Helpende Hand

Solidariteit Helpende Hand se herstrukturering in 2018 het op die mobilisasie van gemeenskapskrag gefokus. Ons mense is ons krag. Deur die vestiging van gestruktureerde en volhoubare meganismes om gemeenskappe te ontwikkel en te bemagtig, het ons gemeenskapstrukture, Studiefondssentrum en skenkingswinkels trots voortgebou op die gees van die Helpmekaar-beweging van 1949 om Afrikaner-armoede effektief te verlig, te voorkom en te verbreek.

Helpende Hand se gemeenskapstrukture bestaan tans uit 151 takke, twee gemeenskapsentrums en 'n maatskapliketerapiesentrum. Hierdie strukture word ondersteun deur ongeveer 40 000 vrywilligers met 'n hart om 'n verskil in hul gemeenskappe te maak, en 'n nuwe afdeling vir maatskaplike dienste wat in die lewe geroep is om teen 2020 'n maatskaplike werker in elke provinsie te plaas. Ons takke het 1 278 projekte ter waarde van R5 926 530 in hul gemeenskappe aangepak en die Studiefondssentrum gevoed met R5 620 971,53 se fondse deur 116 gemeenskapstudiefondse. Ons gemeenskapsprojekte soos die Kosblikkie-projek en #StopHonger voed daagliks 6 500 kleuters, en die Skooltassie-projek het aan 5 000 behoeftige graadeens 'n skooltassie met skryfbehoeftes en opvoedkundige materiaal voorsien.

Die Studiefondssentrum vorm die kern van Helpende Hand se pogings om armoede onder jong en behoeftige Afrikaners te voorkom. In 2018 het die Studiefondssentrum R38,5 miljoen spandeer om 1 200 studente se studies te befonds. Helpende Hand het ook 40 skenkingswinkels onder die OnsWinkel-handelsmerk gevestig, wat 'n groot rol in die verligting en verbreking van armoede speel deur fondse vir ons gemeenskapstrukture te genereer, werk te skep en winste aan te wend om die Studiefondssentrum te voed.

Hierdie inisiatiewe maak van Helpende Hand 'n baken van hoop in die Solidariteit Beweging se doelwit om Afrikaners vry, veilig en voorspoedig te maak.



**Dr. Danie Brink**
Besturende Direkteur: Skoleondersteuningsentrum

Die SOS se visie is om die toekoms van christelike, Afrikaanse skole te verseker. Ons missie is om dít wat reeds bestaan en van wêreldgehalte is, in stand te help hou, én dit wat nuut benodig word, te help bou. Die SOS se waardes is dringendheid, innoverendheid, roepingsgedrewenheid en kreatiwiteit.

Die Wolkskool is 'n volledige aanlyn skool wat deur die SOS ontwikkel word. Die Wolkskool gaan 'n integrale rol in die totstandkoming van 'n volhoubare, skaalbare, bekostigbare, christelike, Afrikaanse privaat skolestelsel speel. Die Wolkskool is in 2018 baie uitgebrei en dit bevat reeds 1 888 video's wat deur twee voltydse dosente opgestel is.

Onderwyseropleiding is deel van die SOS se kernbesigheid. In 2018 het die SOS-span 672 seminare aan 4 787 onderwysers van 851 skole aangebied. 4 590 onderwysers het by ons ses vakverenigings ingeskakel en gebruik gemaak van ons werkkaarte, toetse, eksamens en ander hulpbronne. As deel van die leierskapsvereniging het 12 onderwysleiers in Maart 2018 die VSA besoek. Meer as 800 onderwysers het ook die SOS-kongresse in Gauteng en die Wes-Kaap bygewoon.

Die SOS speel 'n leidende rol op die gebied van onderwysnavorsing oor onderwerpe wat Afrikaanse skole raak. In 2018 het die SOS 'n omvattende verslag oor die stand van kleuterskole in Suid-Afrika saamgestel en aan die Afrikaanse Onderwysnetwerk verskaf. 'n Deeglike ontleding van die matriekuitslae is ook weer gedoen en die gepaardgaande verslag het wye mediadekking ontvang. Die kollig is veral geplaas op die uitstekende prestasie van Afrikaanse skole, 'n prestasie wat ver bo hul proporsionele verteenwoordiging strek.

Die SOS gaan in 2019 en in die jare wat kom steeds help in stand hou, maar baie dringend nuut bou sodat Afrikaners vry, veilig en voorspoedig kan wees, ook op die terrein van skoolonderrig.



**Susan Lombaard**
Uitvoerende Hoof: Maroela Media

2018 was ŉ jaar waarin Maroela Media se droom om vir Afrikaanssprekendes ŉ gemeenskap te skep waarbinne hulle kan tuis voel, begin realiseer het.

Maroela Media kan met reg sê dat ons in 2018 daarin geslaag het om, vir ŉ groot gedeelte van die Afrikaanse gemeenskap, hul primêre bron van gebalanseerde, betroubare nuus te word. Terugvoer van lesers dui daarop dat hulle Maroela Media se beriggewing as geloofwaardig en akkuraat beskou, en dat dit hul eerste bron van inligting is om die akkuraatheid van nuus wat hulle deur ander kanale bereik, te bepaal. Leserslojaliteit, wat gemeet kan word in aspekte soos die aantal bladsye wat elke besoeker lees, is ŉ aanduiding hiervan: Maroela-lesers het in 2018 ŉ gemiddeld van 12,2 bladsye per maand gelees, wat die hoogste van alle digitale nuusplatforms in Suid-Afrika onder alle tale is.

Die Maroela-gemeenskap op die webblad het in 2018 gegroei tot ŉ gemiddeld van 1,5 miljoen unieke besoekers per maand. Maroela Media se netwerk gemeenskaps-radiostasies het uitgebrei na 56 reg oor die land en in Namibië, met ŉ gesamentlike luisteraarstal van sowat 1,4 miljoen. Te danke aan die kombinasie van digitale, klank- en beeldinhoud wat Maroela vervaardig, het ŉ beduidende deel van die Afrikaanse publiek toegang gehad tot goeie gehalte Afrikaanse inhoud.

Maroela het in 2018 ook ŉ wesenlike verskil gemaak vir die Afrikaanse taal met die aanpak van verskeie projekte wat die bevordering van Afrikaans ten doel het. Dit sluit in ŉ Afrikaans op Wikipedia-projek, ŉ radioseminaar vir Afrikaanse gemeenskapsradiostasies, ŉ Afrikaanse radiovervolgverhaal met 120 episodes, en die uitbreiding van die Afrikaanse produkte wat in Maroela Media se aanlyn winkel, Die Koöperasie, te koop is.

Solidariteit Beleggingsmaatskappy

**Tjaart van der Westhuizen**
Besturende Direkteur: Solidariteit Beleggingsmaatskappy (SBM)



Die Solidariteit Beleggingsmaatskappy (SBM) is die houermaatskappy van die Solidariteit Beweging se besighede en lewer 'n oorkoepelende bestuursrol ten opsigte van die instellings van die Beweging wat deel van die SBM-omgewing vorm. Die rol en plek van SBM is om instellings (filiaalmaatskappye en ander) daar te stel wat met die Beweging se doelwitte belyn is en wat aan lede volhoubare toegang tot spesifieke dienste bied. Hierdie dienste sluit in finansiëlediensteprodukte, tegniese opleiding en hoëronderwysopleiding. SBM, in samewerking met Solidariteit Eiendomme en die Kampus Trust, is verantwoordelik vir die besit, uitbou, en onderhoud van die Beweging se eiendomme. Talle nuwe hoogtepunte in 2018 verdien om genoem te word.

Gedurende 2018 het SBM deur middel van een van sy volfiliale, Solidariteit Finansiële Dienste, die verhouding met Virseker-korttermynversekering verder versterk. Ons voorsien dat die nuwe verhouding met Virseker dit vir ons moontlik gaan maak om die doelwitte wat ons graag met ander instellings wil bereik, vinniger te behaal, wat uiters voordelig vir ondersteuners van die Solidariteit Beweging gaan wees.

Ons is in die finale stadium ten opsigte van die skep van 'n struktuur waardeur ons in samewerking met die Afrikaanse gemeenskap tot voordeel van die Afrikaanse gemeenskap veilige, dinamiese ruimtes vir Afrikaanse instellings gaan skep. Dié projek, genaamd die Kanton-projek, beloof om baie opwindend te wees en ons sien uit na die loodsing hiervan in 2019.

Die bruto omset van die SBM-groep se maatskappye het in 2018 met 16% toegeneem tot R109 miljoen. Die grootste bydraende faktore sluit in die goeie jaar-tot-jaar-groei in studentegetalle by Akademia en Sol-Tech, en uitstekende groei wat by Solidariteit Finansiële Dienste gerealiseer het. Die bruto waarde van die bates wat die SBM-groep bestuur, het aan die einde van 2018 'n totaal van R267 miljoen beloop.

**Tjaart van der Westhuizen**
Besturende Direkteur: Solidariteit Finansiële Dienste

Solidariteit Finansiele Dienste (SFD) is 'n geregistreerde finansiëledienstemaatskappy. Die maatskappy verskaf finansiële produkte en dienste aan die Solidariteit Beweging deur massabemarking vanuit dienssentrums. SFD bied ook 'n persoonlike finansiële adviesdiens.

SFD se resultate vir die 2018-boekjaar toon 'n toename van 15,2% in die maatskappy se omset jaar-tot-jaar. Daarteenoor het die netto wins in SFD gedurende 2018 baie goeie groei getoon. Die grootste bydraende faktore was die toename in omset met 'n laer toename in die verhouding tot uitgawes. Van die besparings was eenmalig en daar is vir 2019 bykomende kapasiteit en nuwe projekte begroot om SFD in 'n volgende fase van groei te ondersteun. In samewerking met instellings van die Solidariteit Beweging en instellings wat vriende van die Solidariteit Beweging is, word die winste wat SFD genereer, doelgerig aangewend om die doelwitte van die Solidariteit Beweging as deel van die Afrikaanse gemeenskap te ondersteun en te help bou.

Die korttermynversekeringskema, in samewerking met Virseker, het hoofsaaklik tot die goeie resultate wat SFD bereik het, bygedra. Dié skema verskaf kwaliteit persoonlikelynversekering aan lede van die Solidariteit Beweging en die Afrikaanse gemeenskap teen 'n mededingende prys en met uitstekende diens in Afrikaans. Ons bedank Solidariteit, AfriForum, en lede van die Solidariteit Beweging en die groter Afrikaanse gemeenskap vir hulle ondersteuning en bydraes in dié verband. Ander produkte by SFD het ook baie goed in 2018 gegroei en ons ondersoek tans nuwe geleenthede om die volgehoue groei gedurende 2019 voort te sit.

Die finansiëleadviesafdeling staan kliënte by ten opsigte van omvattende finansiële beplanning. Dienste word oor 'n wye spektrum gelewer en produkte van maatskappye soos Allan Gray, Coronation, PSG, Sanlam, Momentum, Liberty Life en Brightrock vorm deel van die aanbod wat gelewer word.

Die Direksie verwelkom Dawid Botha, die nuwe besturende direkteur van SFD, en sien uit na sy bydrae ten opsigte van die nuwe fase wat SFD betree.



**Marthinus Visser**
Besturende Direkteur: Akademia

**Hoogtepunte vir 2018**

Akademia spog met talle hoogtepunte in 2018. Een van die eerstes hiervan is die instelling se splinternuwe visuele identiteit wat by 'n spoggeleentheid bekendgestel is. Hierdie nuwe baadjie spreek tot Akademia se vernuwende toekomsplanne en konstante vooruitgang.

'n Ander hoogtepunt op die akademiese kalender is Akademia se toetrede tot die Geesteswetenskappe. Die BSocSci-graad (Politiek, Filosofie en Ekonomie) is in 2018 geakkrediteer en bekendgestel, en word vanaf 2019 aangebied. Twee ander kwalifikasies, die grade LLB en BCom (Rekeningkunde), albei hoog in aanvraag by voornemende studente, is ook gedurende die jaar geakkrediteer met die oog daarop dat dit in 2020 'n aanvang moet neem.

Bo en behalwe hierdie uitnemende mylpale is Akademia trots op die internasionale erkenning wat deur die Chartered Institute of Management Accountants (CIMA) aan die graad BCom (Bestuursrekeningkunde) toegeken is. Hierdie kwalifikasie behaal boonop die hoogste vrystelling van enige bestuursrekeningkundekwalifikasie in Suid-Afrika.

Verder het Akademia talle inisiatiewe geloods om gehalte in onderrig en leer te verbeter. Bedryf- en gemeenskaps-vennootskappe wat studente se akademiese en werksgereedheid versterk, is suksesvol volvoer. Die vakkundige verdieping van akademici is ook uitgebrei deur die voltooiing van meesters- en doktorsgrade, referaataan-biedings op beide nasionale en internasionale vlak, en die toekenning van vier Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns-beurse vir meestersgraadstudie in Hoër Onderwys.

Akademia se akademiese korps het in 2018 uitgebrei met die aanstelling van agt nuwe voltydse dosente, 'n programkoördineer en 'n dekaan in Onderrig en Leer. Akademia is trots op die talle hoogtepunte van 2018, en bou in 2019 met ywer hierop voort.

Sol·Tech
Beroepsopleiding Kollege



**Paul van Deventer**
Besturende Direkteur: Sol-Tech

- **Nuwe eie kampus**

Die beste nuus vir 2018 was dat alle hofsake met betrekking tot die bou van ons eie kampus uit die weg geruim is en dat daar weer op groot skaal planne vir die ontwikkeling gemaak kan word. Die aanloop tot die nuwe beplanning is voorafgegaan deur navorsing met betrekking tot onder andere die omgewing-sielkunde en argitektoniese erfgoed wat op so 'n nuwe kampus as belangrik uitgebeeld behoort te word, tesame met die hersiening van die visie, missie en kernwaardes van Sol-Tech en die belyning met die kollege se primêre bestaansrede.

- **Ontwikkeling van nuwe opleiding- en onderrig-strategie saam met nuwe beroepskwalifikasies**

Kragtens nuwe wetgewing word alle ambagsopleiding aanstons deur nuwe beroepskwalifikasies vervang en kolleges is verplig om nuwe leer- en assesseringsmateriaal – ooreenkomstig die nuwe kurrikulum – te ontwikkel. Hiermee saam het Sol-Tech weggespring met die herontwerp en ontwikkeling van 'n nuwe onderrig- en leermodel waar tegnologie sterk figureer en wat baanbrekerwerk met betrekking tot tegniese opleiding beloof.

- **Suksesse in die bedryf**

Sol-Tech is suksesvol en dit word keer-op-keer bevestig deur stemme uit die bedryf. Dit is 'n gegewe dat die werkgewers met wie Ajani deel, baie beïndruk is met die gehalte studente wat Sol-Tech oplei. Reeds die afgelope 10 jaar handhaaf Ajani 100% plasingsukses. Sedert die begin van 2017 reeds, het werkgewers studente vir onderhoude sommer op die kampus kom sien, maar gedurende 2018 het sommige werkgewers studente vir moontlike aanstellings geëvalueer lank voor studente hulle finale opleiding by die kollege afgehandel het! Werkgewers kan kwalik hul opgewondenheid en verbasing verberg wanneer hulle Sol-Tech se fasiliteite besoek en in baie gevalle maak voornemende werkgewers geen geheim daarvan dat dit hul verwagtinge by verre oortref nie.



**Alana Bailey**
Uitvoerende Hoof: Kraal Uitgewers (Edms.) Bpk.

In 2018 het Kraal Uitgewers (Edms.) Bpk. die meeste publikasies in ons bestaan die lig laat sien, naamlik vyf. Hierdie boeke dek 'n groeiende verskeidenheid genres. *Vers en Kapittel* van Daniël Hugo was 'n eerste poging om letterkunde te publiseer en Kraal se mark het dit verwelkom. *By wyse van spreke* het die leserspubliek se kennis van Afrikaanse idiome op 'n prettige wyse bevorder. *Kill the Boer* van Ernst Roets was deel van AfriForum se veldtog teen plaasmoorde. Dit is in Engels gepubliseer omdat die skrywer spesifiek die internasionale mark wou teiken en het groot openbare belangstelling ontlok. *Wes-Transvaal: Militêre brandpunt van die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (die sewende en laaste nommer in die reeks, *Die erwe van ons vaad're)* deur Pieter de Jager, onder redaksie van prof. Andries Raath, asook Die *Eerste Vryheidsoorlog, 1880-1881* deur dr. Jackie Grobler is tipies van Kraal se tradisionele geskiedenispublikasies en vul leemtes in Afrikanergeskiedskrywing. Veral laasgenoemde is 'n seminale werk oor 'n tema wat nog nooit só omvattend behandel is nie. Buiten eie publikasies, het Kraal ondersteuning verleen aan skrywers wat selfpublikasies laat verskyn het oor temas wat binne die Solidariteit Beweging se ideeraamwerk val. Verwante items soos bordspeletjies is verkoop om lede se algemene kennis op 'n ontspannende wyse uit te brei. Kraal se aanlyn winkel lok al meer kopers en die funksies daarvan verbeter steeds. Deur 'n klein, kundige en toegewyde personeelkorps en met die bemarking van hierdie wye reeks produkte het Kraal ver op die pad na finansiële onafhanklikheid gevorder.



**Danie Langner**
Besturende Direkteur: FAK

*In krisistye is kultuur geen luukse nie, maar die hoogste vorm van selfbehoud. Kultuur staan vir interne orde en interne orde is die fondament vir alle beskawing.* – Hennie Aucamp.

ʼn Interne orde, geanker in ʼn kultuur van uitnemende handeling en optimale selfverwesenliking, skep stabiliteit en kontinuïteit wat noodsaaklik is in ʼn mislukkende staat.

In dié konteks is die FAK, as die oudste Afrikaanse kultuurorganisasie, ʼn batebeskermer en ʼn bateboue r.

As batebeskermer is die FAK sedert 1929 ʼn kurator van die Afrikaanse kultuurerfenis sodat ons monumente en historiese momente behoue bly. Ná die vandalisering van president Paul Kruger se graf het die FAK dit in samewerking met DEKAT herstel. ʼn Nuwe borsbeeld deur die internasionaal bekende beeldhouer, Jacques Müller, is op 10 Oktober 2018 as kopstuk van die graf onthul.

As batebouer belê die FAK in skeppende taal-, kultuur- en geskiedenisprojekte wat kulturele selfvertroue in ons gemeenskappe ontsluit en bevestig. Die Internasionale Afrikaans-Ekspo, die FAK-Sangbundel, die Afrikaanse Liedjietuin en talle suksesvolle jeugontwikkelingsprojekte getuig van ons sukses op die gebied die afgelope jaar.

In 2018 was die FAK die kultuurvennoot van die kykNET-koorkompetisie, *Sing in Harmonie*, waaraan 186 kore en 13 000 deelnemers deelgeneem het. Die Afrikaanse Skole-Ekspo het ʼn rekordgetal van 1 700 inskrywings gehad.

Die FAK bou ook deurlopend aan nasionale en internasionale taal- en kultuurverhoudinge en ʼn hoogtepunt in 2018 was om die Vlaamse Marnixring se halfeeufeesvieringe as eregas by te woon.

In 2018 het die FAK weer toppresteerders op kultuurgebied vereer, waaronder Callie Opperman, Hans du Plessis, Nicol Stassen, Rina Hugo, Manuel Escorcio, Johan Vorster, Paul van Deventer en Chris Lamprecht.

Dit alles is danksy die welwillende ondersteuning van FAK-vriende en die hulp van die Solidariteit Beweging vermag. Daarvoor sê ons opreg dankie.